# Die Pot met Drie Pote

Daar was eenmaal 'n seuntjie wat by sy moeder in 'n klein, bruin huisie aan die voet van 'n heuwel gewoon het. Bo-op die heuwel het 'n ryk man gewoon. Die ryk man het alles gevat wat die seuntjie en sy moeder besit het. Hulle het later net een koei oorgehad.

Op 'n dag toe hulle niks in die huis gehad het om te eet nie, het die moeder vir haar seun gesê: "Gert, gaan verkoop die koei op die mark. Koop dan vir ons koring van die geld." Die seun het 'n tou om die koei se nek gebind en toe na die mark gestap. Op pad kom hy 'n man teë. Toe die man vir hom vra waar=heen hy gaan, vertel Gert dat hy die koei moet gaan verkoop. "Ek sal jou koei koop," sê die man. "Hoeveel geld sal u my betaal, Meneer?" vra Gert. "Ek het nie geld nie, maar ek sal vir jou hierdie yster-pot gee," en die maan haal 'n pot met drie pote onder sy jas uit. Gert was glad nie van plan om die koei vir die pot te verruil nie, maar voor hy kon nee sê, hoor hy 'n fun stemmetjie van die pot se kant: "Koop vir my, koop vir my."



Toe ruil Gert die pot vir die koei. Toe hy by die huis kom, was sy ma vreeslik kwaad. Sy wou hom slaan en die pot weggooi, maar toe hoor hulle die pot sê: "Gooi water in my en sit my op die vuur." Die vrou was verbaas en doen toe soos die pot sê. Toe die water kook, begin die pot sing: "Ek spring, ek spring, ek spring!" "Hoe ver gaan jy spring?" vra die moeder. "So ver as die ryk man se huis bo-op die heuwel," antwoord die pot en toe begin hy te spring, eers op een pootjie, toe op twee pootjies en toe op drie pootjies. Spring-spring kom die pot toe bo-op die heuwel aan. Hy spring tot binne-in die kombuis waar die ryk man se vrou besig was om 'n heerlike poeding te maak. Die vrou sien die pot en sê: "A, jou mooi driepoot-pot en waar kom jy vandaan? Jy is net groot genoeg vir die poeding," en toe sit sy die poeding binne-in die pot.

"Ek spring, ek spring, ek spring!" sing die potjie en daar spring hy eers op een pootjie en toe op twee pootjies en toe op drie pootjies. Die ryk vrou wou hom vang, maar sy was te stadig. Hy spring die kombuis uit en by die heuwel af tot by die klein, bruin huisie. Gert se moeder het die poeding gou gaar gemaak en hulle het dié dag lekker daarvan geëet. Die volgende dag sing die pot weer: "Ek spring, ek spring, ek spring!"

"Hoe ver gaan jy spring?" vra die moeder. "So ver soos die ryk man se bank bo-op die heuwel," antwoord die pot en toe begin hy te spring, eers op een pootjie, toe op twee pootjies en toe op drie pootjies. Toe hy by die bank kom, spring hy deur die venster tot op die tafel waar die ryk man besig was om sy geld te tel. "A, jou mooi driepoot-pot, jy is net groot genoeg om al my geld in te sit," en toe gooi die ryk man die pot vol geld. Toe dit vol was, was daar nog plek en nog plek. So het die man al sy geld daarin gegooi. "Ek gaan spring, ek gaan spring, ek gaan spring!" sing die potjie en daar spring hy eers op een pootjie, toe op twee pootjies en toe op drie pootjies. Hy spring by die bank uit en die heuwel af tot by die klein, bruin huisie.

So het die driepoot-pot al die geld wat die ryk man van Gert se moeder gevat het, vir haar teruggebring. Die volgende dag smeek die pot dat hulle vir hom weer op die vuur moet sit. "Ek gaan spring, ek gaan spring, ek gaan spring!" sê die potjie. "Hoe ver gaan jy spring?" vra die moeder. "Na die end van die wêreld!" sing die potjie en toe begin hy te spring. Toe hy bo-op die heuwel kom, sien die ryk man hom. "A, hier is die pot wat my geld gesteel het," skree hy en hardloop al agter die potjie aan. Wat toe met hom en die potjie gebeur het, weet niemand nie, want geen mens het een van die twee ooit weer gesien nie.